3 Maart 2023

Geagte Ouers

Ons atlete het weer eens mooi presteer by die Frances Baard-byeenkoms die afgelope Saterdag. Baie geluk aan die volgende atlete wat gekwalifiseer het om Saterdag, 4 Maart 2023, aan die **Noord-Kaap Atletiek-byeenkoms** deel te neem. Hulle is Hannes Beukes, Karli de Klerk, Karla Kock en Junemi Terblanche. Sterkte. Ons is baie trots op julle.

Met ons eerste groot **rugby- en netbalsportdag** wat hierdie naweek by Seodin in Kuruman plaasvind, wil ons aan al die seuns en dogters sterkte toewens. Ons weet dat dit goed sal gaan en dat julle net jul beste sal doen. Dankie ook aan al die ouers, wat die lang pad saam met die leerders aanpak, vir julle ondersteuning.

Ons sien ook uit na **Laerskool Staats se sportdag** eerskomende naweek (Donderdag, 9 Maart tot Saterdag, 11 Maart 2023) waar al ons rugby- en netbalspanne (A-en B-spanne) ook hul staal gaan wys op die veld. Die wedstryde begin al Donderdag en eindig Saterdag. Die program sal aan u deurgegee word sodra ons dit ontvang.

Daar bestaan verwarring oor die **B-spanne**, maar ons wil u die versekering gee dat daar nog wedstryde gereël sal word vir die B-spanne.

Met al die sport vir die leerders moet hulle ook voorberei vir hul **kwartaaltoetse**:

- Dinsdag, 7 Maart: gr. 4 Gesk, gr. 5 Afr, gr. 6 Gesk en gr. 7 Geo

- Vrydag, 10 Maart: gr. 4 NW, gr. 5 NW, gr. 6 Eng en gr. 7 Eng.
  Sterkte vir die leerders se voorbereiding.

Die week is nie net vir die leerders baie besig nie, maar ook vir die ouers. Ons herinner u as ouer aan ons afspraak van Dinsdag, 7 Maart om 17:30 in die saal waar ons saam gaan luister na **Gretha Wiid**.

Ons sien ook uit na die jaarlikse **RAMME-AAND** (wildsveiling) op 16 Maart in die skoolsaal. Daar is nog beperkte plekke beskikbaar.

U het ook reeds die inligting ontvang van die **foto-bestellings**, gr. 7-uitstappie en die opname vir die hoede en plakkies. Ons vra u om die skakels in te vul om administrasie te vergemaklik.

Die gr. 4-leerders wil baie dankie sê vir die betrokke ouers en Beheerliggaam met die installering van die nuwe **lugverkoelings** in onderskeie klasse. Ons waardeer dit baie.

Die leerders word ook herinner om voor Vrydag, 10 Maart, hul inskrywings vir die **redenaars**, vir juf. Elaine in te gee. Die kore is ook volstoom besig met oefening en ons sien uit na hul eerste optrede in die tweede kwartaal.

Die Departement van Gesondheid besoek Eureka op 10 Maart, om die **HPV inspuiting vir die gr. 5-dogters** toe te dien. Die dogters sal ‘n brief ontvang waar u as ouer toestemming moet gee.

Insake **internet inbetalings**: Ouers maak asb. seker dat u die korrekte verwysing gebruik vir inbetalings, bv.:
E Venter 5H Foto (U kind se voorletter, van, klas en waarvoor die gelde gaan.)
Anders kan die gelde nie na die regte kind geallokeer word nie.

‘n Brokkie van Laerskool Eureka se geskiedenis volg.

Eureka-groete

EVenter

Dr. Etienné Venter
SKOOLHOOF

Inligtingsbrief 7/2023

Gedurende Augustus 1970 is die advertensies vir 'n **Skoolhoof** en vyf personeellede geplaas. Die advertensies het soos volg verskyn:

KIMBERLEY (HADISONPARK)(Nuwe Skool) 180 leerlinge

Vier kandidate is genooi om op 4 September 1970 by die Kimberleyse Skoolraad vir 'n onderhoud aan te meld.

Mnr. L.J. PIENAAR, onderhoof van die Laerskool Grens, te Oos-Londen, is benoem. Op **11 September** 1970 het hy telegrafies goedkeuring vir die benoeming uit Kaapstad ontvang. Die datum **11 September** sou nog in die toekoms baie belangrik word. Die res van die personeel is soos volg benoem:

| | | |
|---|---|---|
| Senior Assistent: | Mnr. J.W. Bergh | st. 4 |
| | Mej. A. Pienaar | st. 2 |
| | Mev. L. Reynecke | st. 1 |
| | Mev. A. le Riche | sub. B |
| | Mej. A. Tredoux | sub. A |

VOORAF

Die nuwe skoolhoof het, met die hulp van die Waaksaamheidskomitee, 'n vergadering gereël, gedurende die September-vakansie, met voornemende ouers. Die byeenkoms het in die saal van die Newton-gemeente plaasgevind. (dit was per toeval die naweek toe Griekwas vir Noord Transvaal op Kimberley geklop het en sodoende die Currybeker verower het.)

Die skoolhoof en sy vrou het moontlike skoolklere aan die ouers vertoon. Die ouers was tevrede en gelukkig met wat hulle gesien het. Slegs die skoolwapen moes nog ontwerp word en 'n firma wat die klere in voorraad sou hou moes gevind word.

Van die personeel was slegs mev. A. le Riche van Kimberley. Die ander moes dus almal die groot trek na Kimberley aanpak.

Beide mnr. Pienaar en mnr. Bergh was teen die einde van 1970 reeds in Kimberley. Saam het ons baie reëlings getref. Ons het o.a. onderhoude gevoer met 'n paar dames wat aansoek gedoen het vir die deeltydse betrekking vir sekretaresse/tikster. Mev. M. Wilmans is aangestel. Mnre. Sam Kok en Goldenbaum van "Bargains" het baie gehelp met die skooldrag. Mnre. Krynauw en Basie Uren was baie behulpsaam om alles gereed te kry vir die groot dag (19 Januarie 1971).

# Laerskool MAART 2023 Eureka

| SUNDAY | MONDAY | TUESDAY | WEDNESDAY | THURSDAY | FRIDAY | SATURDAY |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 26 | 27 | 28 | 1 | 2<br>*Qms Opleiding posvlak 1 13:00 – 16:30 by HTS<br>*SAOU – Mnr. Venter | 3<br>*Seodin 0/11 – 0/13 Rugby Netbal 0/9 – 0/13 A-spanne<br>*Gr 4 – Afr + Gr 5 – Eng<br>Gr 6 – Geo + Gr 7 – EBW<br>*SAOU – Mnr. Venter | 4<br>Seodin 0/11 – 0/13 Rugby Netbal 0/9 – 0/13 A-Spanne |
| 5 | 6 | 7<br>*Gr 4 – Gesk<br>Gr 5 – Afr<br>Gr 6 – Gesk<br>Gr 7 – Geo<br>*Gretha Wiid Ouers 17:30 | 8<br>*Gretha Wiid 1-3, 4-5, 6-7 Personeel vanaf 13:30 tot 14:30<br>*Fin. Kom. Verg. 17:15 | 9<br>Staats 0/7 +O/8 A+B<br>Rugby + Netbal O/7-O/9 A+B - spanne | 10<br>*Staats Rugby 0/9 – 0/13 + Netbal O10-O/13 A + B Spanne<br>*Gr 4 – NWT + Gr 5 – NWT<br>Gr 6 – Eng + Gr 7 – Eng<br>*Radikale Redenaars - inskrywings sluit<br>*Skeidsregters-Kursus - Hartswater | 11<br>*Skeidsregters-kursus - Hartswater<br>*Staats Rugby 0/9 – 0/13 + Netbal O/10-O/13 A + B Spanne |
| 12 | 13<br>Covid inenting Dep. | 14<br>Gr 4 – Wiskunde<br>Gr 5 – Geskiedenis<br>Gr 6 - Wiskunde | 15<br>*Fotodag gr. RR – gr. 7<br>*Graad R & RR Atletiek/Boeresport | 16<br>*Graad 7–uitstappie<br>*Wildsveiling | 17<br>Gr 4 – Geo<br>Gr 5 - Geo | 18<br>Rugby + Netbal 0/13 H/S Diamantveld |
| 19 | 20<br>Skole vakansiedag | 21<br>Menseregte dag | 22<br>Bloem toer 0/11-0/13 Rugby en 0/12 -13 Netbal A-spanne | 23<br>*Bloem toer 0/11-0/13 Rugby + 0/12 - 13 Netbal A-spanne<br>*Radikale Redenaars-sluitings-datum vir videos | 24<br>Bloem toer 0/11- 0/13 Rugby + 0/12 -13 Netbal A-spanne | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29<br>Fliekaand op rugbyveld | 30<br>BHL vergadering 17:15 | 31<br>*Skool sluit<br>*O/13 A Rugby-toer Paarl | 1 |

# PAKKETTE

| BORG SE NAAM | BESKRYWING VAN PAKKET |
|---|---|
| 1. Ameila en Thys van Rooyen<br>Uitkyk Safaris<br>082 832 0723 | Selfsorg verblyf vir x 4 gaste vir x 2 aande – met x 4 Springbokke ingesluit. |
| 2. Liam Urry<br>073 456 2910 | Bok karkas |
| 3. Ricky Booysen<br>083 420 6774 | 1 x Annique geskenkpak<br>Waarde R1 200 |
| 4. Adam en Nella Barnard<br>Spitskop Spa<br>083 425 9897 | 1 x Paartjie massering<br>Waarde R1 250 |
| 5. Takie Pope<br>082 423 1645 | 2 x Springbokke<br>1 x Blesbok |
| 6. Herman Pheiffer<br>082 458 8311 | 1 x Springbok<br>1 x Gemsbok<br>Bewerking ingesluit |
| 7. Johan Venter<br>Ultimate Africa<br>Marelé<br>082 872 0283 | 2 x Aande se verblyf vir x 2 paartjies (Bed en Ontbyt).<br>Aandete vir x 4 vir vir x 2 nagte.<br>Wildsrit vir x 4<br>1 x Impala om te jag<br>Waarde R25 000 |
| 8. Attie Jansen<br>083 455 6789 | 1 x Koedoe<br>1 x Rooibok<br>2 x Aande se selfsorg-verblyf vir x 4 persone in Jaghuis.<br>Gids en jagvoertuig om te gebruik tydens verblyf. |
| 9. Jolize Wiid<br>Rooidam Selfsorg Gasteplaas<br>Naby Modderrivier<br>083 659 7114 | 2 x Aande se selfsorg verblyf vir x 6 persone. |

| | |
|---|---|
| 10. Mnr. Flip Nel<br>De Nel Safari's<br>082 375 0767 | 2 x Springbok karkasse |
| 11. Jaco Delport<br>083 274 9767 | 3 x Rooibokooie<br>1 x Vlakvark<br>1 x Slag lam<br>1 x aand se verblyf vir x 4 jagters |
| 12. Greg Edwards<br>Magersfontein Safari's<br>083 251 6122 | 1 x Aand se verblyf vir x 2 gaste by Magersfontein Safaris Game Lodge<br>x 1 Jagters-dagfooi (sluit in 'n gids, jagvoertuig, afslag van diere, ens.)<br>1x Springbok<br>1 x Vlakvark |
| 13. Mev. Calla van Niekerk<br>Buffelcor en Langkop Boerdery<br>083 261 9951 | Groot bottel wyn van oorlede Hansie Cronje se Gedenkjaar en persoonlik deur hom geteken. |
| 14. Jacques Kriek<br>Mattanu<br>083 235 1993 | Wildsrit met skemerkelkies en aandete vir x 4 persone. |
| 15. Johan Steinmann<br>073 583 4579 | 1 x Koedoe karkas (gedurende die winter) |
| 16. | Getekende GW rugbytrui deur die huidige GW Rugbyspan. |
| 17. | 'n Bottel wyn geteken deur die huidige GW Rugbyspan. |
| 18. Willem Kruger<br>082 490 9680 | 1 x Slag skaap |
| 19. Bernard Gerber<br>Epoch Pluimvee Plaas<br>082 309 8366 | 2 x Lê henne |
| 20. Hennie van Wyk<br>Goodhope | Rugby item |

| | |
|---|---|
| 21. Dirk Beukes<br>082 375 1849 | 1 x Slag skaap |
| 22. Boats Botha<br>Basecamp<br>083 283 6293 | 2 x Rooibok karkasse |
| 23. West End Vleismark<br>Adriaan | R1 000 geskenkbewys by West End Vleismark |
| 24. Xerox en Rollerworld | 1 x Swartwildebees<br>1 x Blesbok<br>2 x Springbokke<br>2 x Aande se verblyf vir x 4 persone by Kandirri Game Lodge |
| 25. Malu Pork | 1 x Maandboks van 14 kg - Waarde R899 (1 x belly roast, 2kg maalvleis, 10 x sosaties, 18 x stukke boerewors, 12 x lende tjops, 4 x fillets en 30 x banger worsies) |
| 26. Wouter de Villiers | 1 x Slag skaap (+/- 20 kg) |
| 27. Beefmaster | 1 x Steak boks<br>Waarde R2 500 |
| 28. Beefmaster | 1 x Steak boks<br>Waarde R2 500 |
| 29. Ricky Booysen<br>082 832 0723 | 1 x Annique geskenkpak<br>Waarde R1 200 |
| 30. Christo Brink en Harry Engelbrecht<br>082 883 5010 | 1 x Blouwildebees<br>1 x Gemsbok<br>Dag jag – 60 km vanaf Kimberley |
| | |
| | |